

Jesus min my
tel my op
maal my, deel my
tot ek klop

1+1=0

ander [som]

MATTEUS 5:1-12

1 Mei 2022 – TROOS

Treur ons nog?

- “Geseënd is die wat treur, want hulle sal vertroos word”. In Grieks is daar verskeie woorde wat gebruik word om rou, oftewel treur, uit te druk. In Matteus 5:4 is die Griekse woord wat gebruik word om om ‘treur’ uit te druk die sterkste van die lot. Dit is die woord wat hulle gebruik het om die betreuung van dood uit te druk. Mens sou dit kon verstaan as die tipe hartseer wat jy nie kan wegsteek nie en wat gestalte in tranes vind.
- In die wêreld waarin ons leef word daar as’t ware neergekyk op die pik van ‘n traantjie. “Slegs die swakkes huil!”. En daarom leef ons in ‘n wêreld waar mense meerendeels pyn en seer hanteer met dinge soos weerwraak of veroordeling. Ons glo nogal dat wanneer ons ‘n opinie oor onreg of ‘n verduideliking vir seer kan kry, kan ons die pyn om ons stil. Of soms emigreer ons so in onself in dat apatie seëvier.
- Jesus kom leer ons dat daar ‘n ander manier is om te werk te gaan. Ons moet treur. Ons moet huil. Ons moet eerder meer sensitief raak vir pyn en seer, eerder as weghardloop.

Dís waar die vertroosting lê. Dis ook wat Jesus gedoen het. Hy het gehuil.

Die ander[som] van seer en pyn

- Ons kan die teks baie letterlik opneem. Dit spreek tot ‘n waarheid van die lewe (nie noodwendig ‘n baie aangename een nie); dat ons meer leer van die lewe deur slegte ervarings as deur plesier.
- Daar is kort gedig wat hierdie idee mooi saamvat:

*I walked a mile with Pleasure,
He chattered all the way,
But left me none the wiser
For all he had to say*

*I walked a mile with Sorrow,
And ne’er a word said he,
But, oh, the things I learned from him,
When Sorrow walked with me!*

- Ons God is die God wat selfs die diepste seer in betekenis kan verander. Geseënd is die wat wysheid deur hul seer en pyn bekom.

'n Ander[som] wêreldbeskouing

- Jesus het die seer en die pyn van die wêreld gesien en baie maal was sy reaksie om te huil.
- Deel van ons behoefte om eerder te oordeel is dat ons in onself in emigreer en 'n apatie vir die wêreld en die gebeure ontwikkel. Ons raak soos die Japanese spreekwoordelike uitbeelding van die drie apies: Sien geen kwaad, praat geen kwaad, doen geen kwaad.



- Om 'n volgeling van Jesus te wees beteken om om te gee. Om nie weg van die seer van die wêreld te hardloop nie, maar met 'n diep bewustheid daarvan te leef. En daaroor te treur. Ons trane is wel nie die doel nie, maar die lens waardeur ons ander mense en onself sien. Op so 'n manier lei ons oë ons hande ten einde iets aan die seer van die wêreld te kan doen.
- Geseënd is dié wat oor die wêreld se seer kan huil, en iets daaraan doen.

Die Ander[som] ék

- Geseënd is die mens wat desperaat jammer is oor sy eie sonde en sy eie gebrokenheid. Dit is wat die Kruis vir ons doen. Wanneer ons na die kruis kyk, behoort ons te sê: "Kyk! Dit is wat sonde kan doen. Sonde kan die mooiste lewe in die hele wêreld neem en dit aan 'n kruis vasslaan".
- Een van die groot funksies van die kruis is om die oë van mans en vroue oop te maak tot die invloed van sonde.
- En wanneer 'n mens sonde in sy afgrysklikheid begin raaksien, kan ons ook erken dat daardie selfde sonde in ons is. Maar die storie stop nie daar nie. Daar is vertroosting.

- Deur ons trane erken ons die seer en pyn van die wêreld sowel as binne onself. En hierdie erkenning van die waarheid is die weg na vertroosting.
- Geseënd is die mens wat intens jammer is oor sy/haar sonde (geestelike armoede), want vanuit hierdie erkenning, kan verlossing werklik verstaan word.

Kleingroepbespreking

- Wat is die dinge in jou lewe waar seer en pyn jou tot dieper insig oor jouself en God gebring het?
- Wat is die dinge en die seer in die wêreld waaroor ons baie oordeel, maar eerder behoort te treur?
- Hoe help die erkenning van jou eie gebrokenheid jou om Jesus se daad aan die kruis te verstaan?